GEBEDSBRIEF

Wonderboom Ned. Geref. Gemeente

24 Oktober 2021

Besoek ons WEBTUISTE: www.ngkwonderboom.co.za
U kan ook hier ons eredienste aflaai.

Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** egte ontmoetings met God sal wees! Dit is vandag **Lofofferfees!!!**

Welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar/het!

LERAAR	TEMA	TEKS
Ds Ernest Horn 09:00	Bring jou lofoffer met dankbaar-heid!	Hebreërs 13:15 Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring!
Ds Giepie van der Merwe Soetdoring 09:00	Sal aan-gekondig word	Sal aangekondig word
Dr Petrus Moolman	Jou geloof wys...	Markus 10:46-52

Liefdesgawes

Dankie aan elkeen wat getrou ’n offergawe gee! U kan u dankoffer EFT of met Zapper skandeer of in ‘n koevert by die kerk se posbus ingooi. Ons bankbesonderhede is: NG Gemeente Wonderboom, ABSA Tjek-rekening, Reknr: 526 015 1136 Sinoville Tak 632005.

Siekes

Nora Wallis, Elma van Niekerk, Blackie Swartz, Estie en Pepsi Wepener, Marelize Cordier, Kitty Heunis, Wian van der Merwe en Jumarie Froneman.

Bedroefdes

† Marthie en Daan Kocks en hulle familie wie se broer, Hendrik du Preez oorlede is.

CORONA GEBED:

Bid vir ons land en wêreld: Ons is in Fase 1 van inperking. Eredienste is oop en word ook uitgesaai.

243 768 851 mense het wêreldwyd die virus gekry. 220 886 598 (90.61% daarvan) het gesond geword en 4 954 000 (2,03%) gesterf. 3 805 041 763 [48.32%] van die wereld-bevolking is ten volle inge-ent.

In Suid-Afrika het 2 918 883 mense dit gekry, 88 891 (3,04%) het gesterf en 2 810 740 (96,3%) het gesond geword.

Daar is reeds 20 580 832 inentings gedoen. 5.5% gedeeltelik en 19% van RSA is ten volle inge-ent - 3.3 miljoen en 11.04 miljoen mense.

Stats Sat 23/10/2021 om 08:00 @ Covid Visualizer).

Kategese

Daar is nie vandag Junior Kategese nie. Daar is wel Senior Kategese 19:00-20:00 direk na die Jeug-erediens om 18:00 by Overkruin.

Ons bid vir die Wonderkruin **Belydenisklaskamp** wat hierdie naweek by Magaliesberg Jeugkampterrein gehou word.

Gemeenteverjaarsdag!!!

Ons gemeente is 62 jaar oud. Ons loof en eer die Here vir sy versorging en onderhouding en dat Hy ons nog steeds wil gebruik om beelddraers van sy liefde en genade in ons gemeenskap te wees!

Ons vier ons gemeente se verjaarsdag met ons **Lofoffer-fees vandag.** Neem ‘n **Lofofferkoevert** by die deur en gooi dit vandag of volgende week tydens die ere-diens in, of bring dit na die kerkkantoor. Jy kan dit ook elektronies oorbetaal met die verwysing: **Lofoffer**.

Kersmark 22 — 31 Okt Kom besoek ons Kersmark gerus. Tye op volgende bladsy. Ons benodig hulp met die verkope/ toesig in die saal asook koffie, melk en suiker. Kontak Ninette Barnard (082 829 2062), Abrie Coetzee (082 459 3177) of Elize Steyn (061 234 5750). Ons gemeente verskaf wegneemetes tydens die naweke van die kersmark. Jy kan vooraf bestellings plaas by Ninette Barnard (082 829 2062). Kos sal beskikbaar wees op Vrydag 22 en 29 Oktober 17:00-19:00 en Saterdag 23 en 30 Oktober 09:00-15:30.
Spyskaart: Jaffels (Maalvleis, Kerriemaalvleis of Hoender) @ R20, Kerrie en Rys @ R30. Pannekoek @ R5 en Stokkiewors @ R10. Daar is ook gratis Koffie en Tee by die Kersmark beskikbaar.